STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
RESENSIES

# *Gebeente*
# van Etienne van Heerden

Tafelberg
2023

Resensent: Reinhardt Fourie (Universiteit van Suid-Afrika)
ORCiD: https://orcid.org/0000-0003-1292-8140




Die ekokritikus Susan Meyer (2024) skryf in ’n betreklik onlangse ondersoek dat die Karoo diep in die psige van die Suid-Afrikaanse letterkunde lê. Etienne van Heerden se roman *Gebeente*, waarin die skrywer terugkeer na die Karoo, is ’n sterk beaming van die literêre belang van hierdie landskap.

Die roman speel af net ná die COVID-pandemie – oftewel, die Adem-pes, soos daarna in die teks verwys word – in die dorp, Gebeente. Soos met baie van Van Heerden se romans, is daar metatekstuele aspekte aan hierdie teks, soos wanneer sommige van die karakters, die plot en die verhaal self ín die vertelling oorweeg word:

> Só stadig draai die wiel. Tyd staan stil hier. Hier ry ek nou eers. En nóg ’n groter moeite en verdriet lê vir ons voor: ’n vergiftigde landdros. ’n Gevangene wat dink hy’s die Here. ’n Kwaksalwer vol Schadenfreude. ’n Dieselkoning sonder diesel. ’n Dorp wat een van die dae vol sterrebewonderaars gaan wees, want daardie WhatsApp-groep The Forgotten Highway is ’n toeristiese happening aan ’t skep in van alle tye nóú, The False Transit of Venus (p. 244).

Die dorp is natuurlik fiktief, soos ook die geval is met Tallejare in *Die swye van Mario Salviati* (2001). Dit is die skepping van hierdie dorpsruimte wat deurgaans oortuigend in die roman aangebied word – soveel so dat ek my naderhand begin afvra het of dié dorp nie tog bestaan nie. Dit is ’n bewys van die sonderlinge diepte waarmee Van Heerden sy Karoo-ruimtes toerus.

Op ’n punt in die roman word dit vir die oplettende leser duidelik dat *Gebeente* ’n storiewêreld deel met *Toorberg* (1986). Daar is ’n hele paar subtiele verwysings in *Gebeente* wat dit verklap, maar daar word ook direk verwys na *Toorberg* se Abraham van der Ligt. *Gebeente* is wel ’n spirituele, eerder as direkte, opvolgroman. Sulke verbande in literêre werke loop die risiko om skeef te loop, omdat die nuwe teks te maklik te veel kan staatmaak op die voorganger. (Hier dink ek byvoorbeeld aan André Aciman se *Find Me*, 2019, die opvolg op *Call Me by Your Name*, 2007.) Gelukkig voel dit meestal asof Van Heerden bedag was op hierdie slaggat en dit misgetrap het. *Gebeente* staan dus stewig op sy eie ook.

Soos met sy ander Karoo-romans, word *Gebeente* bevolk deur ’n reeks uiteenlopende, eksentrieke en oortuigende karakters. Die vier karakters wat die teks as ’t ware dra, is die landdros, Imke Goedeman, die aanklaer, Div de Villiers, Altydoopvygie Losper (die “Karoomaria”), en Jisses Losper, laasgenoemde se seun. Terwyl Altydoopvygie en Jisses van meet af bestaan in ’n magies realistiese wêreld, kom Imker en Div van buite die dorp en word hulle take in Gebeente bemoeilik deur ’n ruimte wat nie die normale reëls volg nie. In hierdie ontnugterende ervarings van hierdie karakters skryf Van Heerden dan belangrike eietydse gesprekke in. Die een wat sterkste na vore tree, is die spanning tussen Suid-Afrika se grondwetlike bestel en die landsburgers se aktuele afstand daarvan, wat dikwels tasbaar om ons (en natuurlik dan in die teks) waargeneem kan word. Die aanklaer moet vir Jisses vir ’n misdaad vervolg, maar sy werk word om elke hoek en draai ondermyn deur ’n geregtelike opset wat heeltemal anders blyk te funksioneer as die Romeins-Hollandse strukture waarin hy hom gewoonlik bevind. Dieselfde probleem staar die landdros in die gesig, en deur die toenemende onvastheid van die Wet begin die komplekse en pynlike geskiedenis tussen hierdie geregsdienaars ook duideliker word. In die aangesig van die armoede en agteruitgang wat Gebeente (en meeste van die res van die land) kenmerk, bevraagteken die roman ook die nut van Suid-Afrika se huidige wette en wetlike strukture. Hier kom ek weer terug op die oortuigende aard van hierdie dorp. Dit mag dalk fiktief wees, maar onrealisties is dit nie. Die leser sien die groewe van die land in die eksentrieke karakters soos die dorp se polisiesersant, MaSarge, en die burgemeester, Chain Moloi, maar ook Fermi, die hospita van die gastehuis waar Div en Imker tuisgaan. Selfs die kleiner karakters, soos moerige, stil boere, en die eienaar van ’n donkiekar, onderskraag die gedetailleerde en oortuigende vertelling, en voel nie oorbodig nie.

Is daar kritiek te lewer? Miskien teen ’n ou laai van Van Heerden, wat ek reeds genoem het: die metatekstualiteit. Met tye is die teks amper té bewus van sigself. Verwysings na D.J. Opperman en sy werk is weliswaar ’n kenmerk van Van Heerden se oeuvre, maar die

verwysing op p. 80 voel heeltemal te direk, wat afbreuk doen aan sy impak. Dit volg boonop op ’n gedeelte wat die kunstenaar se skeppingsproses darem alte veel romantiseer:

> Hy’t ’n keer met ’n romanskrywer hieroor gepraat; ’n man nes hy, Imker, uit die bruin gemeenskap, en die man het aan hom vertel hoe kunstenaarskap is, hoedat elke boek wat hy skryf, hom tydelik ’n naam gee, ’n bemoeienis, ’n struktuur. Dan, as die boek af is (dis die term wat die man gebruik het), dan is daar weer die Kalahari’s wit papier, soos (het die skrywer aan Imker verduidelik) die groot digter Dirk Opperman dit genoem het.
>
> Dieselfde siklus van geen grond onder die voete en val in die valluik af ervaar hy, Imker Goedeman, wanneer dit kom by sy gereelde briewe aan sy seun.

Goedeman se regsfilosofiese epistels aan sy seun speel weliswaar ’n belangrike rol in die vertel van die verhaal en die ontwikkeling van Goedeman as ’n karakter, maar ’n mens kan nie anders nie as om te wens dat die briefskrywer se ervaring eerder gewys is as wat dit so vertel is.

Later in die roman tref ’n mens weer so ’n bepeinsing oor kunstenaarskap aan wanneer Imke Goedeman aan die hospita sê:

> Natuurlik begryp ek. Die skeppingsproses is ’n misterie. Mens moet kunstenaars laat begaan. Wat speel nie als op hul geeste in nie? Die bereidwilligheid om spek te skiet. Die sintuig vir die onwaar-skynlike. Die oortreding wat verbeelding immers is. Wanneer daar-die vonk toeslaan en als wat samehang het, uitmekaarblaas. En hulle moet dit weer terugsit in ‘n nuwe patroon. So ’n kunstenaar moet gaan waar logika en konvensie nie mag nie. ‘n Soort misdadigheid, dus. Dan nog die aandrang van óm die arme wroegende skep-pende gees heen die aktuele. Die aversie aan institusionalisering. Die innige deernis vir die mensdom. Die afvlerkie en knou uit die kinderjare. (p. 335)

So word skrywers darem ’n bietjie te veel gevlei, na my sin, en sulke oomblikke voel nie deeglik in die roman geïntegreer nie.

Die wending in die verhaal word effektief opgebou, en wanneer dit uiteindelik gebeur, word ’n boel dinge goed deur die skrywer byeen gebring. Dit vat lank om daar te kom, en dit is dan dalk my laaste kritiek: die roman is te lank. Die verhaal boei nie enduit nie, en soms word daar te lank vasgesteek – en weer vasgesteek – by sekere karakters en gebeure, sonder dat dit funksioneel is. Gelukkig tref die leser ook weer ander paragrawe aan waar die vassteek juis is wat ’n indruk laat, soos die beskrywing van die bye op p. 77. En dan word die aktuele sake wat betrek word, soos die ontginning van skaliegas (wat die roman ook ’n ekokritiese inslag gee), die toename in misdaadsindikate en die korrupsie wat staatstrukture kenmerk, met welslae in die verhaal ingewerk, sonder dat ’n mens snuf van ’n politieke traktaatjie begin kry.

STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
RESENSIES

Daar is werklik in hierdie opsig te veel besprekingspunte om in ’n enkele resensie aan te roer.

Van Heerden maak met *Gebeente* ’n welkome terugkeer na die Karoo, en hierdie roman bewys weer waarom geen ander skrywer nog hierdie magiese ruimte so kragtig en uitvoerig in die letterkunde kon opteken soos hy nie.

STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
RESENSIES

## Bronnelys

Meyer, S. 2024. Fisies-geografiese plekbesonderhede en Karoo-mens-verbintenisse in gestaltegewing aan die Afrikaanse ekokritiek. *LitNet Akademies*, 21(2):185-223.